## Les 20 DIE HERE WAS IN ONS PLEK GODVERLATE

Kom ons lees saam uit Matteus 28:

*"[35]Hulle het Hom gekruisig en sy klere verdeel deur te loot. [36]Daarna het hulle gaan sit en by Hom wag gehou.[37]Bokant sy kop het hulle die aanklag teen Hom in skrif aangegee: "Dit is Jesus, die koning van die Jode." [38]Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en die ander een links van Hom.[39]Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud [40]en gesê: "Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!" [41]Net so het die priesterhoofde saam met die skrifgeleerdes en die familiehoofde ook gespot en gesê: [42]"Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo. [43]Hy het op God vertrou; laat God hom nou red as Hy dan behae in hom het. Hy het immers gesê hy is die Seun van God!" [44]Op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig is, Hom ook beledig. [45]Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. [46]Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?" Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?"*

### 1. Jesus sê iets baie spesiaals aan die kruis

Terwyl Jesus aan die kruis hang, sê Hy: *"My God, my God, waarom het U My verlaat?"* Dit kan maklik klink of Jesus sommer net moedeloos is en sommer net desperaat na God roep. Maar dit is nie wat Jesus doen as Hy hierdie woorde aan die kruis sê nie. Met hierdie woorde wys Jesus vir almal wat is besig om met Hom aan die kruis te gebeur.

Ons kan net sien wat Jesus doen as Hy hierdie woorde aan die kruis gebruik, as ons sien waar hierdie woorde vandaan kom. Kom ons lees Psalm 22 saam:

*"Vir die koorleier: op die wysie van "Die wildsbok van die daeraad". 'n Psalm van Dawid. [2]My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep? [3]My God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek kry geen rus nie."*

Wat sien julle as julle die Here se woorde aan die kruis vergelyk met Psalm 22?
Dit is dieselfde. Die Here sê aan die kruis: *"My God, my God, waarom het U My verlaat?"*, en Dawid skryf in Psalm 22: *"[2]My God, my God, waarom het U my verlaat .."* Dit is presies dieselfde woorde.

### 2. Jesus haal Dawid aan

Wie het hierdie woorde eerste gesê: *"[2]My God, my God, waarom het U my verlaat ?"* Jesus of Dawid? Dawid het amper 'n duisend jaar vóór Jesus gebore is, Psalm 22 geskryf. Die Here het nie hierdie woorde sommer self uitgedink nie. Dit is Dawid wat dit eerste geskryf het, 'n hele 1000 jaar voor die Here gebore is.

Jesus haal hierdie woorde van Dawid aan. Om aan te haal, beteken om iets te sê wat iemand anders gesê het. Almal wat rondom die kruis staan, het geweet Dawid het hierdie woorde geskryf. So toe Jesus hierdie woorde aan die kruis gesê het, het hulle gewéét Hy sê daardie woorde wat Dawid geskryf het, hardop.

**3. Jesus haal ’n lied aan wat hulle almal elke Sabbat gesing het**

Kyk ’n bietjie in julle liedboeke. Die eerste 150 liedere in die liedboek word Psalms genoem. Al die ander liedere, van 151 tot 602, word nie Psalms genoem nie. Kyk nou na julle Bybels en blaai na die boek Psalms toe. Hoeveel Psalms is daar in die Bybel? Daar is ook 150. Die Psalms in die Bybel is die eerste 150 liedere wat ons in ons liedboek het. Ons het al die Psalms van die Bybel, Afrikaanse liedere gemaak. Hierdie liedere in die Bybel was Hebreeuse liedere wat hulle óók elke Sabbatdag in die tempel gesing het, net soos ons Sondae dieselfde Psalms in die kerk sing.

Kyk gou-gou na Psalms 22 in die liedboek!

Hier staan: *“My God, my God het u my dan verlaat”*. Ons sing hierdie lied net soos hulle in Jesus se tyd hierdie lied elke Sabbat in die tempel gesing het.

Wanneer Jesus dan aan die kruis hierdie woorde sê, dan haal hy die eerste woorde aan van ’n lied wat hulle almal geken het, en almal saamgesing het, en almal het geweet dat Dawid hierdie lied geskryf het.

**4. Jesus wys wat met Hom gebeur**

Hoekom haal Jesus hierdie woorde aan terwyl Hy aan die kruis hang? Want met hierdie woorde wys Jesus wat is besig om met Hom aan die kruis te gebeur.

Toe Dawid hierdie Psalm geskryf het, het hy gedink dat God Hom verlaat het. Maar hy het maar net so gedink. Want kyk wat skryf hy net ’n rukkie later in die Psalm, in vers 22: *“U het my gebed verhoor!”*

As die Here jou gebed verhoor, beteken dit dat die Here jou help. Kan die Here jou verlaat het as Hy jou help? Kan die Here weg wees as Hy jou help? Nee! Daarom het dit maar net vir Dawid gevóél asof God Hom verlaat het. Maar God het nie vir Dawid verlaat nie. God was die hele tyd met Dawid en het Dawid die hele tyd gehelp.

Dit is die verskil tussen die woorde van Dawid, en die woorde van die Here wanneer Hy Dawid aanhaal. Wanneer die Here aan die kruis sê dat God Hom verlaat het, dan sê die Here nie maar net hoe vóél dit vir Hom nie. Hy wys vir ons wat régtig gebeur. Hy sê vir ons dat God Hom régtig verlaat het.

Die Here wys dat wat mense dink wat met hulle gebeur, dat God hulle verlaat, het régtig met Hom aan die kruis gebeur: God hét Hom verlaat.

**5. Wat Dawid vóél gebeur, gebeur régtig met die Here**

Kom ons vat nou ons Bybels en dan kyk ons wat gebeur met die Here aan die kruis, en hoe vergelyk dit met wat Dawid vóél wat met hom gebeur:

*"[7]Maar ek is 'n wurm, nie 'n mens nie. Ek word deur die mense bespot en deur die volk verag. [8]Almal wat my sien, spot my, hulle steek vir my tong uit en knik met voldoening die kop en sê: [9]"Laat dit aan die Here oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry as Hy dan so baie van hom hou.""* (Psalm 22)

Dit is hoe Dawid voel oor die mense wat teen hom is.

Kyk wat gebeur met die Here aan die kruis:

*"[41]Net so het die priesterhoofde saam met die skrifgeleerdes en die familiehoofde ook gespot en gesê: [42]"Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo. [43]Hy het op God vertrou; laat God hom nou red as Hy dan behae in hom het. Hy het immers gesê hy is die Seun van God!"*

Presies net dit wat Dawid gedínk het met hom gebeur, het régtig met die Here aan die kruis gebeur.

*"[17]Soos honde omsingel hulle my, die bende misdadigers sak op my toe, hulle bind my hande en voete vas. [18]Al wat been in my is, kan ek tel; hulle kyk na my met leedvermaak. [19]Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies oor my mantel."* (Ps. 22)

Kyk wat gebeur met die Here aan die kruis:

*"[23]Toe die soldate Jesus dan gekruisig het, het hulle sy boklere gevat en dit in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel. Hulle het ook sy onderkleed gevat. Dit was sonder naat van bo af in een stuk geweef. [24]Hulle sê toe vir mekaar: "Ons moet dit nie skeur nie. Kom ons loot wie dit moet kry." Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word waar dit sê: "Hulle het my klere onder mekaar verdeel, en vir my kleed het hulle geloot." Dit is wat die soldate gedoen het."* (Johannes 19)

**6. Die Here wys dat Hy Godverlate sterf**

Alles wat Dawid gedink het gebeur met hom in Psalm 22, het régtig met die Here aan die kruis gebeur. Die mense het die Here gespot en geterg en gekoggel. Hy is saam met misdadigers gekruisig om te wys hy is niks anders as net 'n misdadiger

nie. Die Jode het hom gespot en gesê hy moet die Here vra om hom te help, want dan sal hy sien dat die Here hom níé sal help nie. Onthou, die kruis was ’n manier van iemand doodmaak wat gewys het God sal nie hierdie mens help nie, want God het hierdie mens vervloek. En toe verdeel die soldate die Here se klere onder mekaar, net soos Dawid dit in Psalm 22 beskryf: hulle verdeel die klere en trek lootjies oor sy mantel.

Daarom haal die Here Psalm 22 aan. Hy wys vir almal dat wat Dawid gevóél het met Hom gebeur, nie regtig met Dawid gebeur het nie. Dit het régtig met die Here aan die kruis gebeur. Die Here ís aan die kruis deur God verlaat. Daarom sterf Jesus aan die kruis, Godverlate. Volgende keer kyk ons wat dit beteken.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

___________________________________Handtekening: ouer of voog